Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- As jy jouself 'n punt uit 10 moet gee vir hoe goed jy na ander mense luister, met 1 baie swak en 10 uitsonderlik, wat sal jou punt wees?
- Vertel mekaar van kere waar julle baie goed na iemand anders geluister het. (Gee vir elkeen 'n beurt.)
- Vertel mekaar van kere waar julle baie swak na 'n ander persoon geluister het. (Gee vir elkeen 'n beurt.)
- Hoekom luister ons soms goed en soms minder goed?
- Wat dink julle het die manier waarop ons luister te doen met die verhouding waarin ons met ander mense leef?

## WONDER

Lees 1 Samuel 3:1-11 saam.

Gesels saam:

- Hoekom dink julle het Eli nie gehoor dat God roep nie? Dink julle Eli het nog na God geluister?
- Hoekom dink julle het Samuel nie God se stem herken nie?

## WEES

Dink gou aan jou verhoudings met ander mense.

Gesels saam:

- Wat help jou om ander mense beter te leer ken?
- Wat versterk jou verhoudings met ander mense?
- Wat help jou om ander mense beter te hoor?
- Wat beskadig jou verhoudings met ander mense?
- Wat maak dat jy nie ander mense hoor nie?

- Wat maak dat jy nie ander mense hoor nie?
- Watter praktiese aanpassings of veranderings kan jy maak om hierdie verhoudings te versterk?

Dink nou aan jou verhouding met God.

Gesels saam:

- Wat kan jou help om God beter te leer ken?
- Gewoonlik sal ons antwoord dat ons moet bid. Hoe gaan hierdie verhaal jou anders laat dink oor gebed?

## WEGSTUUR

Kies ’n tyd van die dag wat die hele huishouding om die tafel sit, byvoorbeeld ontbyt, aandete of net voordat almal gaan slaap. Laat almal in die huis wat ’n selfoon het, dit afskakel. Sit die fone op die tafel. Gee vir elkeen kans om te erken dat ons soms afgeskakel deur die lewe gaan. Gee dan vir elkeen kans om hulle fone weer aan te sit. Bid dan dat God julle oë en ore sal oopmaak sodat julle opnuut van sy teenwoordigheid bewus sal raak.

Onthou dat God ons kom soek waar ons is en dat Hy ons ontmoet waar ons is. Ons moet, soos Samuel, op God se roepstem antwoord: “Spreek, Here, want u dienskneg luister.”

---